Van die Hel tot die Hemel deur Jakob Lorber gedikteer deur die innerlike Woord
Robert se verbasing oor die nuwe hemelgebied. Sy toekomstige opdrag. Genadebrug en genadeheuwel

**Hoofstuk 282** Die reis begin en weldra bereik ons die poort. Daar **wag baie duisende op ons** en prys My oor My groot goedheid, genade, liefde en erbarming en oor My regverdige oordeel, waarvolgens deur die woord van die ewige ordening die regter in elkeen se eie hart gelê is.

[2] **Robert** kom na My toe en sê: "O heilige Vader, ons staan nou voor die ingang. Aan die anderkant van die poort versprei hom straalsgewys onafsienbare rye oor die hemelse gebiede en dan uit één mond klink hulle lof vir U. Alles is vol lig en hoogste hemelse glans. Ver op die agtergrond is iets te siene, wat soos `n stad lyk, maar deur haar sterk glans is dit nie vir my moontlik om haar vorm duidelik te onderskei nie. O Vader, wat se omgewing is dit tog? Wat se land, waarby selfs die streke op die son, wat ek op my reis met Sahariël gesien het, lyk soos `n sombere nag ten opsigte van ons helderste dag? Welke onbeskryflike heerlikhede kom ons nie hier tegemoet nie! **Dit moet die hoogste hemel wees!"**

[3] **Ek sê: "Ja, dit is so!** Tewens is dit egter ook die derde verdieping van jou huis, wat jy dadelik na die begin van jou ontwikkeling in die ryk eers van buite gesien het en spoedig daarna as jou eiendom in besit geneem het. Eweneens stel hierdie streek die vereniging voor, wat jy vanuit jou welwillende hart gegrondves het en volgens My ordening vorm gegee het. **Hierin sal jy nou ewig as leier werk** en sorg dat alles in die beste orde verloop. Tegelykertyd sal jy egter ook vanuit hierdie vereniging die onbeperkte mag hê om toesig te hou oor die deel van die aarde, **waar jy, op grond van stamverwantskap, die nouste bande mee het.** Beide die plekke wat ons nou op aarde betree het, sal steeds vir jou `n oogappel bo alles bly. **Doen in Wenen, waar die aardse kwaad jou oorgekom het, wat goed en edel is!** Gebruik die tweede landstreek wat ons die laaste betree het, as suiweringsinstituut vir onsuiwer geeste, waar hulle ook maar vandaan mag kom.

[4] **Die brug** wat Ek nou vanaf hierdie laer heuwel na hier geplaas het, moet bly! **Wie hulle daaroor hierheen sal begewe, sal nie afgewys word nie**! Plaas van nou af aan `n wag op die heuwel, sodat iedereen wat, as gees met goeie bedoelings, hierdie heuwel betree, `n vriend en `n goeie wegwyser mag vind. Natuurmense, wat nog in die vlees op die materiële aarde lewe, sal op hierdie heuwel krag in die geloof vind en sal tot die liefde opgewek word, maar sonder oordeel en sonder dwang. Siekes sal verligting van hulle pyne vind, die goeies en gelowiges sal hulle gesondheid egter sewevoudig terugkry.

[5] As die mens in die toekoms op die genoemde heuwel vir ons `n herdenkingsteken wil oprig, sal hulle nie daarby gehinder word nie, maar ook nie ondersteun word nie. Want elke uiterlike gedenkteken vir `n hemelse verskyning op aarde, verander maar al te vinnig in `n plek van winsbejag en bedrog. Maar as iemand tog `n gedenkteken plaas, dan sal dit hom nie verhinder word nie, want die Sinai`s, Tabor`s en Olyfberge moet vir die aardse mens bewaar word, as voortdurende aandenking aan dit waartoe hulle deur My bestem was. En nou gaan ons binne in die ware ryk van die ewige lewe."

Die bereikte hoogste hemelsfeer. Robert, Peter en drie vriende begelei die Heer na die heilige Jerusalem; die stad van die stede en die son van die sonne

**Hoofstuk 283** Almal gaan nou na binne en elkeen word deurdronge van sy lewe **se hoogste gevoel van geluksaligheid.** Die enorm uitgestrekte omgewing staan vol met klein, aardige huise en elkeen word syne getoon en aan hom as volledige eiendom oorgedra. Onmiddellik neem almal met groot vreugde sy nuwe, in elke opsig uitstekend toebereide eiendom in ontvangs.

[2] Slegs Robert-Uraniël en sy helpers sien geen huis wat vir hulle gereedgemaak is nie en vra My waar hulle dan in die reël sal woon.

[3] **Ek** sê egter vir Robert: "Kyk, dit alles is tog jou huis! Jy is oral hier tuis en jou vriend met jou, maar verder **het jy jou woning daar in die stad, waarin Ek self bestendig sal woon**. **Dit is die nuwe hemelse Jerusalem, die stad van jou God, jou Meester, jou Vader en in die gees van die liefde**, van jou broeder. Van daaruit sal jy steeds alles reël in jou eie huis en deur My sal jy ryklik van alle middele daarvoor voorsien word.

[4] Volg My maar, noudat hier iedereen, klein en groot, uitstekend versorg is, na daardie stad. As jy egter iemand van die wat saamgekom het, wil saamneem, dan staan dit jou vry. Ek sien weliswaar dat jy elkeen saam sou wil neem, maar dit is voorlopig nie moontlik nie; neem wel Josef, Leopold en Rudolf, die eerste saam! Hulle wonings is hier vlak by die hoofstraat. Roep hulle maar, sodat hulle hulle saam met ons na die stad van die hemele kan begewe!"

[5] Robert roep hulle; hulle kom dadelik uit hulle huise, waarvan hulle die inrigting daarvan nie genoeg kan roem nie, en gaan saam met ons op pad na die stad. Robert vra My waar die geeste, wat saam met die aartsvaders voor ons in die ryk binnegegaan het, dan bly.

[6] **Ek** wys hom die streek na die middag aan en sê: "Daar sal jy hulle almal aantref, want ook hulle woon in jou huis. **Die aartsvaders woon egter in hulle eie groot huise,** wat jy mettertyd almal sal leer ken, want huise soos die nuwe van jou, is daar oneindig baie in

My ryk. Jy sal dit in geen ewigheid bymekaar kry om dit alles te leer ken nie, maar in My groot huis sal jy hulle te siene kry volgens die mate van hemelse behoeftes.

[9] Ons loop verder oor die straat wat regstreeks na die heilige stad gaan en wat lyk soos `n **ruim dertien meter breë goue band,** waar asof uit die fynste sy die **kleure van die reënboog** pragtig ingeweef is. Die stad is vir geen gees wat nog in die vlees lewe, te beskryf nie, want haar prag, haar grootte en die graad van die salighede wat in haar heers, is oneindig. **Haar uiterlike vorm lyk soos die gestalte van `n mens**, hoewel elke huis van binne oneindig is, soos die kiem van elke saadkorrel van binne oneindig is en soos die hart van `n gees in al haar verskeidenheid nog baie omvattender is.

[10] Robert, sy helper Peter, hulle vroue, Josef, Leopold en Rudolf is vol verbasing oor die heerlikheid van die stad. Hoe nader ons haar nader, soveel heerliker word haar gestalte en van alle kante straal ons die grootste liefde en vriendelikheid tegemoet.

[11] Robert, wat bo die stad die heerlikste son van alle sonne aanskou, waarvan die lig in die hele oneindigheid uitstraal, vra My in alle liefde wat se son dit is, waarvan die lig baie helderder straal as die van die natuurlike son, maar desondanks so lieflik is soos die lig van die môrester.

[12] En **Ek** sê vir hom: "**Kyk, eintlik is Ekself hierdie son!** Daar is nog twee hemelsfere: In die rigting van die aand `n suiwer "**wysheids-hemel**" en na die middag toe `n "**liefde-wysheidshemel**". Die bewoners van beide hierdie hemele sien my slegs as `n son, en wel as die son wat jy nou midde en bo die stad sien skyn.

[13] **Slegs hier in die allerhoogste hemel is Ek buite die son,** hoewel ook in die son. Buite hierdie son is Ek soos julle almal My nou in julle midde sien, maar in die son is Ek suiwer geestelik in **die krag van My wil, van My liefde en wysheid.** Ekself is in die grond van die saak hierdie son, maar tog is daar `n verskil tussen My en haar. Ek is die basis **en hierdie son is dan `n uitstraling van My gees,** wat vanaf hier en vanuit My sterk die oneindigheid in onverminderde krag deurstroom en My ewige orde alom tot stand bring.

[14] **Kyk nou net na die groot skares**, wat ons vanuit die stad tegemoet hardloop en ons duidelik sigbaar hulle hoogste, liefdevolle vriendskap kom aanbied." **Robert** sê: "O Meester, ek vergaan van verrukking en liefde as ek na U kyk! U is by ons en dit alles is U werk. Heer, wat is ons dan, dat U ons so oneindig genadig is? O God, o God, hoe groot, heerlik en heilig is U tog!"